

24 Maart Numeri 20:9-13; 1 Konings 19:1-8, (Teks: Lukas 9:30)

Die kruis vir ons en vir Moses en Elia

Met Jesus se verheerliking verskyn Moses en Elia wat lankal hierdie aarde verlaat het. Moses: UIT SY HAND KOM DIE WET VAN GOD. Hy leer die volk gehoorsaamheid, maar ook God se toorn oor sonde teen die wet. Die berg het gebewe toe hy die wet ontvang het. Nou staan hy weer op 'n berg met 'n blink gelaat - net soos destyds. Hy praat met Jesus OOR SY UITTOG (vers 31). Dit was 'n aanmoediging aan Jesus om toe te tree tot die kruis. Ook Elia staan daar. Die groot profeet. Hy het oordeel, maar ook belofte-woorde gebring: Die Messias; wat kom! So het die ander profete ook getuig. Daarom, Jesus, tree nou die kruis tegemoet - laat die profesieë in vervulling gaan. As albei met Jesus praat oor sy uitgang, dan gaan dit om die voltooiing van sy werk: Bring die offer van U bloed. Sommige maak asof Jesus onseker was oor die kruis, daarom spoor die twee Hom aan. Nee! Dit is alleen maar 'n bemoediging, 'n versterking op die pad na die kruis. En tog: ook 'n roep ter wille van die sonde van mense. En so roep albei ook ter wille van hulle self. Moses het met sy sonde gestaan (daar by die water uit die rots). Elia ook met syne (daar in die woestyn toe hy vir Isebel gevlug het). Dus die twee Godsmanne op die berg roep om die kruisgebeure sodat versoening kan kom.

Maar dit is ook 'n persoonlike roep ter wille van eie sonde. Deur die offer wat nog sou kom, was hulle reeds in heerlikheid, maar die offerbloed moes ook nog vloei - ook vir hulle. Die kruis ter wille van ander, maar die kruis ook ter wille van hulle self. Die roep van die kerk deur die eeue het stil geword, want die offer is gebring. Daarom kyk ek nie maar net na ander nie, maar ek kyk ook in die doodskis van eie sonde. Moses en Elia se roep was daarom ook my roep. Wees dan nou stil. Skuldbewus-stil; dankbaar-stil. Golgota het die roep van elke sondaar vir altyd stil gemaak.

Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)